

Towerlantern Fotografie
fotografienuus
september 2018



"Namakwaland – in Potchefstroom se Botaniese Tuin"
Lensopening: f4; Sluiterspoed: 1/250 sekonde; Fokale lengte: 100 mm

Miskien is jy een van die gelukkige vriende wat gedurende die onlangse weke Namakwaland toe kon gaan – en, indien wel, hoop ons dat jy elke dag 'n beste foto kon kry, selfs al sou dit moontlik swak weer gewees het. Die foto hierby wys wat jy wel kan doen, al was jy nie Namakwaland toe nie. Geniet die toneeltjie. Natuurlik is daar 'n paar tegnieke daarby, en dit deel ons verderaan.

Lees ook verderaan in hierdie uitgawe van *Fotografienuus* onder andere meer oor blommodelle, verskillende kleurwiele, iPhone- en iPad-foto's en nog meer.

Ons is nie seker hoe algemeen dit in ons land is nie, maar in Potchefstroom merk ons oor jare al op dat die herfs baie langer as die lente duur. Die lente is hoogstens een maand. Dus, as jy lentefoto's wil neem, moet jou kamera reeds afgestof wees! Jy moet gou spring, dis nie verniet *spring* nie!

Johan

Ons het dit al meer kere beklemtoon: Om foto's van blomme te neem, moet jy die blom(me) as model(le) beskou.

Verbeel jou jy het tien vriende na 'n braaivleis genooi. Watter tipe foto sal jy van hulle neem? Saam, waar hulle om die vuur staan en gesels? Of, bo van jou huis se balkon af? Reg? Neem dus volgende keer jou blommodelle op grondhoogte af!

Die voorbladfoto wys die idee. Dit is gelyk met die blommodelle afgeneem, soos duidelik gesien kan word. Meer nog, die kamera is onderstebo gedraai, sodat die kamera werklik tussen die blomme kon kom. Bestudeer jou driepoot goeë en kyk watter opsies is daar:

- ✓ Moontlik kan die stang waarop die kamerahegstuk gemonteer is, uitgehaal word en onderstebo teruggesit word.
- ✓ Moontlik kan die kamera se pote onderstebo gedraai word (sien foto onder).
- ✓ Moontlik kan die driepoot baie skuins gedraai word.



As jy onseker is oor die werking van jou driepoot, kontak ons. As jy wonder oor die instellings vir 'n blomfoto met luim, volg die wenke wat gegee word in ons *Riglyne*-rubriek.

Skep luim in jou blomfoto's

Riglyne



Om blomfoto's met trefkrag te neem, moet die volgende sake in gedagte gehou word:

- ✓ Isoleer die blom deur gebruik te maak van kontraste, kleure en skerpte.
- ✓ Agterbelig die blom deur amper-amper in die son in die foto's te neem.
- ✓ Kom gelyk met die blom deur laag te buk of te lê.

Lig in die vorm van agterbeligting is die lig wat professionele fotografe gebruik – of dit nou vir 'n landskap, 'n model of 'n blom is.

Die kunstige gebruik van lig kan amateurs maklik intimideer. Maar onthou net weer die voordele van agterbeligting by 'n natuurlike onderwerp soos blomme:

- ✓ Die beligting is dramaties.
- ✓ Die onderwerp staan uit.
- ✓ Die lig laat kleure gloei.
- ✓ Die lig dans en skitter op water en ander blink vlakke.
- ✓ Die komposisie-elemente tekstuur en vorm word baie goed uitgebeeld deur agterbeligting.

Let op na die kleurkombinasie in hierdie foto's: oranje en blou. Jy sal besef dat dit komplementêre kleure is. Dit is nog 'n voordeel as jy laag kan buk vir oranje blomme.



Om jou op 'n spoor te bring, gee ons die volgende riglyne:

- ✓ *Fotosessie*: Om weer te beklemtoon: Kry jou kamera "in die bos". Jy moet dus onder, tussen die blomme wees. Ons besef dit is nie noodwendig vir almal moontlik nie, maar probeer om so ver as moontlik laag te lê.
- ✓ *Tipe lens*: Gebruik die lens waarmee jy die gemaklikste is. As jy 'n makrolens het, sal dit die beste keuse wees. As jy nie 'n makrolens het nie, gebruik 'n lens wat kan inzoom en zoom heelwat in.
- ✓ *Portret-/Landskapformaat*: Aangesien jy eintlik 'n miniatuur landskappie gaan afneem, sal landskapformaat die beste keuse wees.
- ✓ *Driepoot*: Vir die tipe foto wat ons in gedagte het (soos in die blomvoorbeelde) is 'n driepoot absoluut noodsaaklik. As jy die kamera só kan monteer dat dit op die vlak van die blomme kan kom, is dit soveel te beter.
- ✓ *Helper*: Dit kan handig wees om 'n helper te hê, al is dit net om jou te help om ongewenste items weg te knip.
- ✓ *ISO*: Gebruik 'n lae ISO-waarde, byvoorbeeld 100 of 200.
- ✓ *Witbalans*: Maak seker van die beste instelling. Om by 'n foto met luim uit te kom, sal dit waarskynlik help as jy 'n witbalans kies wat 'n warmer gevoel gee.
- ✓ *Keuse van fokuspunt*: Voordat jy die fokuspunt kan kies, is dit natuurlik nodig om 'n geskikte komposisie te hê. Ons uitgangspunt is om agterbeligting te benut; jy moet dus met die kamera in die rigting van die son mik (met verkieslik die blou lug as agtergrond). Besluit dan op 'n fokuspunt, met inagneming van komposisie-elemente.
- ✓ *Lensopening*: Die skaal waarop jy werk, sal vereis dat jy 'n vlak velddiepte moet hê, wat beteken dat jy 'n groot lensopening sal moet gebruik.
- ✓ *Sluiterspoe*: Gebruik 'n sluiterspoe wat die regte beligting sal gee deur gebruik te maak van die kamera se liniaal. Neem minstens 3 foto's van dieselfde toneel en varieer die sluiterspoe met ongeveer 'n tweederde stop van een foto na die volgende.
- ✓ *Fyn fokussering*: As dit windstil is, sal die fyn fokussering relatief maklik wees. As die wind waai, beraam dan ander planne: wys beweging in jou foto's of stel selfs die fotosessie uit.

Towerlantern se volgende eerstevlakkursus

Towerlantern beplan weer 'n volgende eerstevlakkursus. As jy nog altyd gedink het jy wil aan so 'n kursus deelneem, dan is dit nou die geleentheid om in te skryf. En tot 20 September is daar 'n goëdkoper tarief. As jy in die winter nie wou inskryf nie weens koue aande, dan is dit nie nou 'n verskoning nie.

Fotografiekursus



Ons volgende kursus begin
op 9 Oktober 2018.
Prys: R1400
Tot 20 Sept R200 korting

Ken jou kamera. Volgende kursus 9 Okt – 12 Nov 2018
Navraag: Johan de Klerk – johan@towerlantern.co.za



Ons onlangse foto-uitstalling

Die onlangse foto-uitstalling van Towerlantern het goed verloop, met dank aan almal wat op een of ander manier daarby betrokke was. Spesiale dank aan die uitstallers, waarvan daar ongeveer 40 was.


Miskien is dit nie vir almal so duidelik wat die waarde van so 'n uitstalling is nie. Ons sou sê die groot waarde van 'n uitstalling is dat dit jou, die potensiële uitsteller, die geleentheid gee om oor jou fotografie te besin en aan moontlike foto's te dink. Daarmee word bedoel dat jy jou deurgaans, maand- vir- maand, moet voorberei, werke moet produseer en jou gereed moet maak vir die uitstalling. Waardeer sulke geleenthede – dit gebeur nie dikwels dat jy uitgenooi word om van jou foto's uit te stal nie!

Probeer dit dus vir volgende jaar.

Die onlangse uitstalling was al die

sewende in 'n jaarlikse reeks. Ons hoop ons kan volgende jaar weer dieselfde doen.

Ons wil ook baie dankie sê vir Jean Lampen vir haar jaarlikse hulp met die uitstalling by Blou Galery. Daar is die moontlikheid dat die uitstalling volgende jaar by die openbare museum kan wees.



Kompetisie: iPhone en iPad

Die instansie iPhone Photography Awards skryf jaarliks 'n kompetisie uit vir fotografe wat – let wel – verkies om met hul iPhone of iPad foto's te neem. Daar is verskeie kategorieë en ook groot pryse. As jy daarin geïnteresseerd is, lees meer by <https://www.ippawards.com/the-competition/>

◀ 2018-wenner – Alexandre Weber



FOTO-IDEE: SNOWFLAKE GEBOU IN POTCHEFSTROOM

As jy al lank in Potchefstroom bly, sal die Snowflake-gebou vir jou bekend wees. As jy eers onlangs in Potchefstroom ingetrek het, of as jy van elders is, maak gerus 'n draai by dié gebou. Van tyd tot tyd is daar uitstallings of verkopings. Die foto hierby toon die fotomoontlikhede. Onthou dus om minstens jou selfoon saam te vat vir interessante foto's – maar 'n kamera behoort beter te werk.

Bel beslis vooraf vir Martie Bothma (selno 082 850 1200) vir verdere inligting.

Fotografie anekdotes

<https://fstoppers.com/originals/what-your-best-photography-anecdote-124582>

RS:

I was in Venice on the second floor balcony of St. Mark's overlooking the square. I didn't have anyone with me so I asked a random person that also had a DSLR to take my photo. I switched my Canon over to "auto" and handed it to him. He immediately shook his head and switched it back to manual, and proceeded to take some of the best photos I got of myself the entire trip. He didn't speak any English, and but we both spoke camera.

Dave McDermott:

A couple of years ago, I was doing a lingerie shoot with a model in a forest. An old man approached us and asked us what we were doing. I just told him we were taking some photos. He stood there and wouldn't go away, so I brought the model into an abandoned house a little further into the forest.

Grand I thought, a bit more privacy here. After about 5 minutes of shooting in the house we got attacked by a swarm of bees. There was a nest in the roof that we had obviously disturbed. She ran out of the house half naked and screaming. I ran out after her, so to the people outside it looked like I was after assaulting her. That was the only real disastrous shoot I've ever had.

Towerlantern Fotografie
- september 2018 -

Kleurpalette

Vra aan 'n groep fotografie- of skilder- studente watter kleure is die primêre kleure, dan kan jy 'n verskeidenheid antwoorde verwag; en in dié proses dalk al dommer word. Party sal sê dit is rooi, geel en blou; ander sal sê dit is rooi, groen en blou, en nog ander sal sê dit is geel, magenta en siaan. Die vraag is: wat is reg?

Miskien is die maklikste om die saak soos volg te verduidelik: Om woorde neer te skryf, kan ons van verskillende alfabetstelsels gebruik maak: Byvoorbeeld a, b, c, ... , z vir Afrikaans en nog baie ander tale of alfa, beta, gamma, ... , omega, as jy Grieks ken. In alle gevalle is daar net 'n beperkte aantal letters wat alle woorde in daardie taal of tale moet kan weergee.



Met kleure is dit 'n vergelykbare saak: Jy kan drie kleure kies (afhangend van die saak waarmee jy besig is) en daarmee kan jy 'n kleurteorie en 'n palet van kleure opbou. Lees die ietwat tegniese verduideliking hieronder vir meer insig, en gaan na die adres vir verdere inligting:

This is where color can get a little confusing. There are two basic color models that art and design students need to learn in order to have an expert command over color, whether doing print publications in graphic design or combining pigment for printing.

These two color models are:

- ✓ *Light color primaries (Red, Green, Blue)*
- ✓ *Pigment color primaries (Cyan, Magenta, Yellow)*

Some of you might be scratching your heads, asking, "Where is the Blue, Red, and Yellow model?" The artist color wheel (based in blue, red, and yellow) predates modern science and was discovered by Newton's prism experiments. Scientifically, this does not adequately address the true range of spectral color. Upon discovering more about spectral color and how wavelengths work with surfaces (reflection/absorption) and the human eye, the blue-red-yellow model is shifting to the cyan-magenta-yellow model. We DO, however, still use the RBY model for mixing paints, and it is the most common color wheel students will typically find in art stores.



<http://learn.leighcotnoir.com/artspeak/elements-color/primary-colors/>



PROZESKY VOËLRESERVAAT BRAND!

Dit is haas onbegryplik hoe daar brande kan ontstaan as daar nie donderweer in die lug is nie. En tog, in Potchefstroom, en waarskynlik elders in die land ook, is die droë maande, Julie tot September, die maande met die meeste veldbrande.

Natuurlik is niemand so naïef as om te dink dat net die weerlig veldbrande veroorsaak nie. Onlangs het 'n ander brand glo ontstaan weens kragdrade wat afgewaai is. Die punt bly egter: ons treurige land met al sy onnodige brande.

Oral in Potchefstroom sien ons dit. Ook onlangs in die Prozesky Voëlreservaat net buite Potchefstroom. Ons fotografievriendin Marietjie Ferreira was daar en sy skryf: "Maandagmiddag toe bondels wit, grys, swart en sandbruin rook skouspelagtig 'uit die aarde' opborrel, was Prozesky Voëlreservaat aan die brand. Ons kyk gereeld daar voëls omdat so 'n groot verskeidenheid in die bome, op die damme en tussen die riete bly. Alhoewel vlamme altyd 'n soort bekoring inhou, bly dit hartseer dat voëls in die slag kan bly en dat ander wat die brand oorleef het, se skuilplek nou vir 'n tyd lank verwoes is."

Oor die foto's self sê Marietjie: "Ek het probeer foto's neem, maar was absoluut te haastig en die ene bewerasie oor wat ons gesien het, dat ek geensins helder kon dink nie. Die brand het vinnig geloop en vinnig klaar geraak en elke sekonde het die toneel verander. Daar was geen tyd om te dink aan verstellings nie. Ek het op "auto" geneem, maar wat sou die beste verstellings vir laatmiddag wees vir so 'n bewegende massa rook en vuur? Moontlik f-stop 8 en 'n vinnige sluiterspoed om die beweging te laat stilstaan?"

Redakteur: Johan de Klerk Bladuitleg: Fransa Vorster van Colourcode Designs